# Bosbok se besoeker

Illustrasies: Helga Hoveka
Aangepas uit 'n verhaal uit Afrika

**Kwartaal 4** – Groot Boek 3




Afrikaans

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER




Bosbok woon in ’n klein houthuisie. Hy los altyd die deur oop wanneer hy uitgaan.



Eendag kom Bosbok by sy huis aan. Die deur is toe. “Moenie die deur oopmaak nie, anders eet ek jou!” sê ’n stem.




T4_3 Bushbuck's visitor_big book_A.indd 2 2021/11/04 18:38



Bosbok vra vir Olifant om hom te help. “Moenie die deur oopmaak nie, anders eet ek jou!” sê die stem.



T4_3 Bushbuck's visitor_big book_A.indd 3 2021/11/04 18:38



Hulle vra toe vir Leeu om te help. “Moenie die deur oopmaak nie, anders eet ek jou!” sê die stem. “Wat? Jy gaan *my* eet – die koning van die diere?” brul Leeu.



T4_3 Bushbuck's visitor_big book_A.indd 4 2021/11/04 18:38



Toe hoor hulle 'n skuifel-
geluid, die deur gaan
oop en Padda hop uit.
"Verrassing! Dis net ek,"
sê Padda.



T4_3 Bushbuck's visitor_big book_A.indd 5 2021/11/04 18:38



Die vriende lag toe hulle vir Padda sien. “Dankie dat julle my gehelp het, Olifant en Leeu,” sê Bosbok. “Julle is goeie vriende.”



T4_3 Bushbuck's visitor_big book_A.indd 6 2021/11/04 18:38

b a c d e g f i j

Gauteng Education Development Trust

USAID FROM THE AMERICAN PEOPLE

ZENEX FOUNDATION

Wordworks Changing lives through literacy

Hierdie Groot Boek is deur Wordworks ontwikkel.
Ontwerp deur Jacqui Botha. Vertaling deur Laetitia Bedeker.
Redigering deur Ilse von Zeuner.

Hierdie Groot Boek is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).

BY NC SA

T4_3 Bushbuck's visitor_big book_A.indd 7 2021/11/04 18:38